



Universiteit van Pretoria

**DIE KREATIEWE AANWENDING
VAN VOLKSMUSIEK**

DIE KREATIEWE AANWENDING VAN VOLKSMUSIEK

PROF CHRIS E LAMPRECHT

Intreerede gelewer op 31 Julie 1985 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Musiek, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die Universiteit van Pretoria.

CURRICULUM VITAE PROF C E LAMPRECHT

Christiaan Engelbertus Lamprecht is op 1 Oktober 1927 te Bloemfontein gebore. Hy ontvang sy eerste onderwys van sy vader, skoolhoof van die Kafferrivier Burgerskool, OVS en sy eerste musieklesse van sy moeder. Sy musiekstudies sit hy later voort onder Stefanus Grove van Bloemfontein. In 1944 matriculeer hy aan die Sentraal Hoërskool te Bloemfontein en behaal vier jaar later die BMus-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy verwerf ook die UNISA-voordraglisensiate in klavier, orrel en sang en later die MMus (komposisie) onder leiding van prof A Wegelin aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1954-55 studeer professor Lamprecht aan die Westfälische Kirchenmusikschule te Herford, Wes-Duitsland onder prof Wilhelm Ehman (koorleidng), Arno Schönstedt en Anton Heiler (orrel) en Adalbert Schütz (komposisie).

Op die gebied van komposisie lewer hy meer as 500 bydraes vir koorwerk, klavier, orrel, die solostem en ander instrumente. Heelwat van sy komposisies is gepubliseer, onder andere in die bundels *Liturgiese Orrelmusiek* en *Klaviereksamens van UNISA* asook in FAK-publikasies. Sy koorwerke word dikwels deur kore op die konsertverhoog uitgevoer en oor die radio en televisie uitgesaai. Al sy manuskripte is aan die Africana-afdeling van die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria geskenk.

Professor Lamprecht het vanaf 1968 tot 1978 ook uitgebreide navorsing op die gebied van Afrikaanse volksmusiek gedoen en verskeie programme oor die radio behartig waar- onder die programreeks *Dit kom van ver af*. Hy het 'n groot voorliefde vir die Suid-Afrikaanse volksliedjie en glo dat daar nog baie gedoen kan word om ons inheemse musiek tot erkenning te bring.

Gedurende sy loopbaan het professor Lamprecht die volgende betrekkings beklee:

- Musiekonderwyser in Boksburg en Germiston onderskeidelik vanaf 1949 tot 1952.
- Vakadviseur in Musiek van die Transvaalse Onderwysdepartement vanaf 1953 tot 1957.
- Dosent in orrel en hoof van die Kerkmusiekskool van die N G Kerk van Transvaal vanaf 1958 tot 1961.
- Dosent aan die Toonkunsakademie, UP, vanaf 1961 tot 1962.
- Dirigent van die SAUK-koor, Sangluskoor en ATKV-mannekoor vanaf 1962 tot 1968.
- Hoofkultuurbeampte vir Musiek, Departement van Nasionale Opvoeding vanaf 1968 tot 1979.
- Op 1 Maart 1979 word professor Lamprecht as direkteur van Kultuurburo aan die Universiteit van Pretoria aangestel en op 1 Mei 1984 as professor in en hoof van die departement Musiek alhier.

Die afgelope 35 jaar is professor Lamprecht ononderbroke orrelis van verskeie gemeentes, onder andere van die N G Studentegemeente, Universiteitsoord sedert 1969. Hy is lewenslange lid van die FAK en het vir sewe jaar in die FAK se Musiekkommissie gediën. Hy is ook lid van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK).

Professor Lamprecht is met Elza du Toit getroud en het drie kinders, naamlik Charl, Lize en Johan.

DIE KREATIEWE AANWENDING VAN VOLKSMUSIEK

INLEIDING

Aangesien 1985 — behalwe vir die feit dat dit die Bach-jaar is — ook in die teken staan van her-struktuering van die Universiteit van Pretoria, veroorloof ek my, geagte Meneer die Rektor, om my onderwerp ook te herstruktureer.

Bach het soms 'n tema soos volg behandel: Hy neem die tema van agter en werk daarvandaan terug. My onderwerp is dus soos volg geherstruktureer.

VOLKSMUSIEK: KREATIEWE AANWENDING

In ons musieknotasie word die lettername B A C H vanuit die Duitse skryfwyse herlei na B^b A C en B. Sou mens nou die tema agterstevoor aanwend soos Bach dit inderdaad gedoen het in sy "*Kunst der Fuga*", kry ons die volgende: B^b C A B, U mag nou vra wat het Bach met volksmusiek te doen — maar dan herinner ek u daaraan dat ons in 'n teken van her-struktuering staan. As mens dus nog 'n stappie verder wil gaan met die vier note, naamlik om B A C H kreatief aan te wend kry ons 'n Suid-Afrikaanse volksliedjie:

OPNAME: C C B B B^b B^b A

Dit bring my by die eerste tema van my onderwerp naamlik

VOLKSMUSIEK Wat is volksmusiek en wat is sy vernaamste kenmerke? Volksmusiek is die moedertaal van musiek. Mens kan aanvaar dat die mens musiek gemaak het lank vòordat *Pythagorus* 530 jaar voor Christus interval meting wetenskaplik vasgestel het met sy eksperimente op die *monochord*. Lank voordat die eerste beginsels van musieknotasie deur die monnik *Guldo van Arezzo* vasgelê is in die jaar ± 1000 na Christus, het die mensdom suiwer op geheue gesing, gespeel en gedans.

Reeds in Genesis 4 vers 21 lees ons van 'n kleinseun van *Metusael* met die gepaste naam *Jubal*: "*Hy was die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel*". Die mens moes op sy musikale gehoor en sy geheue staatmaak en vir baie eeue lank is sy musiek mondeling oorgedra van geslag tot geslag.

In die proses het die tyd self gesorg vir 'n siftingsproses en gevolglik het slegs die natuurlike ongekunstelde musiek oorgebly. Ons kry in die Bybel 'n duidelike bewys dat daar op die mens se geheue en die gehoor staatgemaak is by die sing van byvoorbeeld Psalms. Dink maar aan Ps. 56: "*Op die wysie van die Duif van die ver Terabinte*" nuwe vertaling, "*die Dulf van die hoë bome*"; Ps. 69: "*Op die wysie van Lelies*" en Ps. 75: "*Op die wysie van, moenie verwoes nie*".

Wat my opval is dat die titels van die wysies dui op sekulêre melodië. Ons het hier reeds te doen met Kontravak — 'n term wat aandui dat wêreldse of volkswysies gebruik word vir 'n gewyde teks. Maar miskien moet ons uit die volksmond self verneem wat is volksmusiek. Ek haal aan uit 'n brief wat 'n sekere *Lady Duff Gordon* op 2 Januarie 1862 geskryf het oor 'n baie musikale Kaapse Maleier van Caledon. "*I asked him if he could read music, at which he laughed heartily and said, 'music came into the ears, not the eyes'*".

Omdat volksmusiek feitlik nooit neergeskryf word soos gekomponeerde musiek nie, is die outeur daarvan in meeste gevalle onbekend, maar hulle is musikaal gesproke geniaal.

Hulle musiek beskik oor 'n direkte trefkrag en hulle vertel oor die alledaagse dinge van die lewe soos liefde, godsdiens, arbeid, kos, oorlog en vaderlandsliefde. Ons vind ook 'n interessante kenmerk van volksmusiek naamlik die paradoks van taaiheid aan die een kant en weerloosheid aan die ander kant. Taaiheid omdat dit die toets van die tyd kan weerstaan sonder spesiale aandag en weerloosheid aan die ander kant omdat dit gedoem is tot vergeetelheid sodra een geslag nalaat om dit deur te gee na die volgende geslag. Dit kos 'n stootskraper om 'n historiese gebou te vernietig, maar dit kos slegs die ongevoeligheid en versuim van een geslag om die voortbestaan van 'n volksliedjie uit te wis. Dit is interessant om daarop te let dat die eerste amptelike versamelings en dokumentasie van volksmusiek eers in die laaste helfte van die vorige eeu onderneem is. 'n Laaste kenmerk wat eie is aan volksmusiek is die aanpasbaarheid daarvan. 'n Volksliedjie is 'n reisiger sonder paspoort. Dit is ewe tuis in die *Scottish Students Song Book* van 1890 in die vorm van *My Sweet Elli Rhee* as tussen die *"mielies by die groen doringboom"* in die vorm van *"My Sarie Marais"*.

Volksmusiek in sy natuurlike staat is dus 'n ongeslypte diamant, hard en taai onprentsius maar vanweë verwaarlosing en by gebrek aan kennis kan dit verlore raak vir die nageslag.

Vanweë sy besondere kwaliteite is dit uitmuntende materiaal vir musiekopvoeding, ethno-musiek en vir die kreatiewe aanwending deur komponiste.

KREATIEWE AANWENDING

Die anomieme komponis van 'n volksliedjie is die ongeskoolde musikus wat oor buitengewone maar intensiewe skeppingsvermoë beskik. Sy opgeleide kollega die komponis moet eweneens oor fyn onderskeidingsvermoë beskik om volksliedmateriaal op so 'n wyse aan te wend dat die natuurlikheid daarvan nie verlore gaan nie. Die komponis luister dus met 'n komponis se oor na ritmes, melodiese motiewe, harmoniese potensiaal en put sy inspirasie daaruit. Hy moet sy oor as 't ware op die grond hou. Luister byvoorbeeld hoe goed het Haydn geluister tydens sy verblyf in Londen. In sy Londense simfonie, No 104 maak hy in die Finale gebruik van 'n Londense straatroep as tema: *"Hot cross buns, hot cross buns, all very fresh and tasty"*.

OPNAME: KLAVIERILLUSTRASIE

U kan nou na die begin van die Finale luister, gevolg deur die slotgedeelte. Let op hoedat Haydn die laaste bietjie murg uit hierdie sappige tema stamp.

OPNAME: HAYDN SIMFONIE NO 104: FINALE

Terwyl ons nou in Londen 'n draai gemaak het wil ek u graag daarop wys dat daar ook op ander vakgebiede soos byvoorbeeld boukunde, die verskynsel van uitbreiding van 'n tema voorkom. Ons vind dit in die hoofstraat van Pelgrimsrus. Al die huisies daar is replikas van voorbeelde uit die Victoriaanse boustyl. Daar is egter een opvallende verskil tussen die oorspronklike geboutjies soos dit aan die einde van die vorige eeu in Londen aangetref is en dié wat in Pelgrimsrus staan: Die Laeveld se hitte het gesorg daarvoor dat 'n kreatiewe aanwending onvermydelik was. Die sinkgeboutjies is almal voorsien van 'n stoepie en 'n veranda. Sommige huisies het verandas aan drie kante.

'n Mooi voorbeeld uit die musiekgeskiedenis waar daar figuurlik gesproke 'n veranda om

'n tema gebou is, is Bach se *Musikalisches Opfer*.

Die tema het gekom van Koning Frederick die Groote van Potsdam met die versoek dat Bach daarop moes improviseer. Dit het hy met groot onderskeiding gedoen maar later opgevolg met 'n werk opgedra aan die Koning, tesame met die volgende brief: "*Most Gracious King, To your majesty is presented herewith in humblest obedience a musical offering whose most excellent portion originates from your noble hand*". Oorbodig om te sê, Bach se *Musikalisches Opfer* oorskadu die vorstelike tema geheel en al, vanweë die omvang en statuur van die komposisie.

Dit is oor hierdie kwaliteite van vakmanskap waaroor 'n komponis moet beskik as hy 'n musiektema, hoe eenvoudig ook al aanwend in komposisies. Wat die gebruikmaking van volksmusiek as tematiese materiaal betref moet die oorspronklike aard van die volksliedjie behoue bly want in meeste gevalle is dit juis hierdie bestanddeel wat 'n bepaalde stempel op die musiek laat. Sommige komponiste slaag selfs daarin om, sonder om 'n bepaalde volksliedjie te kwoteer nogtans volksidoom te kan skep wat baie naby aan die oorspronklike is. In dié verband dink mens aan *Schubert, Sibelius en Benjamin Britten*. In sy Kinderopera "*The little Sweep*" maak Britten byvoorbeeld dikwels gebruik van samesang deur die gehoor. Die liedere wat hy daarvoor gekomponeer het, het die rare eienskap dat dit die indruk wek dat mens die wysie al iewers gehoor het. So 'n voorbeeld is die *Coach Song* uit die opera.

OPNAME: BENJAMIN BRITTEN: "THE LITTLE SWEEP": "THE COACH SONG"

ONTWIKKELINGSGEDEELTE.

Op hierdie stadium Meneer die Rektor, moet ek ter wille van duidelikheid daarop wys dat my referaat in die *Sonata Allegro-vorm* gelewer word. Die eerste gedeelte met sy gebruikelike twee temas, in hierdie geval A — **wat is volksmusiek** en B — **kreatiewe aanwending**, is pas afgehandel. Ek gaan nou oor na die ontwikkelingsgedeelte wat 'n uitbreiding op die aangekondigde temas behels.

Wat nou volg, mag miskien na 'n kruisvuur klink maar dit is in die tradisionele aard van die ontwikkelingsgedeelte. Wanneer ek terugkom na die *Herhalingsgedeelte* sal ek temas A en B hoofsaaklik toepaslik maak op die Suid-Afrikaanse situasie.

Ek begin die ontwikkelingsgedeelte met 'n kort uittreksel uit die *Akademiese overture* van *Johannes Brahms*. Vir hierdie werk het die Universiteit van Breslau in 1880 aan Brahms 'n ere-doktorsgraad toegeken. Vir ons Suid-Afrikaners is die volksliedjies wat in die werk kreatief aangewend word, van besondere belang. Dit kom naamlik in die F A K Sangbundel voor as, '*Aan my Vaderland*' No 23, '*Wat maak oom Kalie daar*' No 188 en die bekende studentelied uit die middelleeue, "*Gaudeamus Igitur*", No 234

Ek speel vir u die gedeelte waar "*Wat maak oom Kalie daar*" en "*Gaudeamus Igitur*" maklik identifiseer kan word.

OPNAME: BRAHMS: AKADEMIESE FEESOVERTURE

Kan mens van 'n volksliedjie 'n Kunslied maak? Schubert het die omgekeerde reggekry. Sy bekende "*Rösslein auf der Heide*", om maar eën te noem het so gewild geraak dat dit vandag as 'n *Duitse volksliedjie* bekend staan. Maar Brahms het daarin geslaag om met sy verwerking van 'n eenvoudige Duitse volksliedjie "*Da unten im Tale*" — 'n lied oor gebroke

liefde, 'n roerende Duitse Kunslied te skep. Dit is vir my die volmaakte voorbeeld waar eenvoud en musikale integriteit mekaar aanvul tot 'n fyngeglypte diamant. Vry vertaal uit die Duits is die inhoud van die laaste strofe soos volg:

— “Vir die tyd wat jy my liefgehad het sê ek innig dankie en ek hoop dat dit met jou vorentoe goed mag gaan —”

OPNAME: BRAHMS: “DA UNTEN IM TALE”

Dit is welbekend dat *Martin Luther* na die hervorming gekeurde sekulêre volksliedere voorsien het van 'n gewyde Duitse teks en so het die Duitse Koraal ontstaan. Die volk kon die wysies maklik aanleer en ook in hulle moedertaal sing.

Die proses van *Kontravak* het ook sy neerslag in ons nuwe Afrikanse Psalms en Gesange gevind. Om maar enkele voorbeelde te noem: Ps. 25, 65 en 130 is ontleen uit *Vlaamse en Franse volks wysies en Gesang 122 en 124 uit Duitse sekulêre* oorsprong. Veral Gesang 122, die bekende “*O Heer uit bloed en wonde*” verdien besondere aandag. Reeds in 1601 was die volksmelodie bekend as 'n liefdeslied toegeskryf aan *Hans Leo Hassler*, “*Mein G'mutt ist mir verwirret von einer Jungfrau zart*”. In 1613 voorsien *Christoph Knoll* dit van gewyde teks: “*Herzlich tut mich verlangen*” en in 1656, amper 30 jaar voor Bach se geboortedatum gee die Duitse digter *Paul Gerhardt* die beroemde lied sy finale beslag soos dit vandag nog in die *Lutherse Gesangboek* voorkom: “*O Haupt voll Blut und Wunden*”. Hierdie koraal was een van Bach se mees geliefde melodieë. Hy het dit vyf keer in die Mattheuspassie aangewend, asook in sy Kersfees oratorium en in vier van sy kantates. Tot vandag toe vind komponiste die melodie steeds 'n bron van inspirasie soos onder andere weer speël in Koraalvoorspele vir die orrel deur Brahms (19de eeu) en Ernst Pepping (20ste eeu). Tydens 'n huldigingskonsert in Wenen ter nagedagtenis aan die afsterwe van die beroemde dirigent *Wilhelm Furtwängler* in 1954 — ek was by hierdie geleentheid teenwoordig — het die *Weense Filharmoniese orkes* hierdie Koraal gespeel. *Furtwängler* sou by geleentheid die lied beskryf het as “*die grootste musiek wat ooit geskep is*”.

In my navorsing oor volksmusiek het ek kon vasstel dat komponiste hoofsaaklik drie metodes gebruik om volksmusiek in kunsmusiek aan te wend.

1. Die oorspronklike materiaal word in sy geheel aangehaal met of sonder melodiese of ritmiese aanpassings maar voorsien van onbesproke musikale grammatika, insluitende een of meer vorms van meerstemmigheid. Artistieke begeleidings soos in die geval van “*Da unten im Tale*” van *Brahms* is ook deel van die werkswyse. Die kunstenaarskap van die komponis word gemeet aan die mate van individuele seggingskrag wat hy in die proses handhaaf. Toe *Benjamin Britten* op 'n keer gekritiseer is dat sy verwerkings van volks wysies soos bv. “*Polly Oliver*” te slim is, het hy eenvoudig aangevoer dat dit maar een van baie maniere is waarop *Polly Oliver* gesing kan word. Onder hierdie kategorie kry ons vorms soos kunsliedere, a capella koorverwerkings soos wat *Sibelius* onder andere gedoen het en Koraalvoorspele.
2. Hier word slegs fragmente of motiewe uit volksmusiekmateriaal gebruik en as boustene in grootse simfoniese werke ingebou. Ek was gelukkig om 'n opname van Kroatiese volksmusiek raak te loop wat hierdie stelling hopelik duidelik sal illustreer. 'n Besondere sterk kenmerk van Boheemse volksmusiek is die verhoogde 4de in die toonleer. In die liedjie wat ek gaan voorspel kan die kenmerkende vergrote interval wat so ontstaan duidelik gehoor word.

OPNAME: KAD ZAPIVA PUSTA SLAVONIJA LPV V-660 — kant A, 5de snit

'n Baie bekende volksliedkundige van *Kroasië* *Kuhač* beweer dat *Haydn* in die 2de beweging van sy *Simfonie No. 103* — die “*Drum Roll*” gebruik gemaak het van 'n *Kroatische volksliedjie* “*Na Travniku*” — wat beteken “*in die weiveld*”. Ook hier is die verhoogde vierde asook die kenmerkende vergrote interval soos in die vorige voorbeeld aangetoon maklik hoorbaar.

OPNAME: HAYDN: SIMFONIE NO. 103 TWEDE BEWEGING

Hoe sou *Haydn* nou onder *Kroatische* invloed gekom het? *Robbins Landon*, musiekwetenskaplike beweer — en die bewering word gestaaf deur *Kuhač* — dat die besondere liedjie uit *Oedenburg* afkomstig is. *Oedenburg* is nie ver geleë van die *Esterhaza* distrik waar *Haydn* vir baie jare gewoon en gewerk het nie. Trouens, die hele *Simfonie No. 103* is vol volksmelodieë en dansritmes en word deur *Landon* beskou as 'n *Volksliedjie-Simfonie*. *Haydn* gebruik selfs 'n jodel-tema in die minuut.

3. Die derde en laaste metode wat komponiste gebruik om volkmusiek te implementeer is by wyse van assimilasië, eerder as direkte kwotasie. Een van die opvallendste voorbeelde in die musiekliteratuur, is die orkeswerke van die *Finse komponis Sibelius*. Hy was 'n groot patriot en was deurdrenk met sy land se geskiedenis, kultuur en folklore net soos *Benjamin Britten* in Engeland. *Finland* beskik oor 'n magtige kultuurskat, die *Kalevale*. Dit is 'n epos wat vir eeue lank in die volksmond voortgeleef het en danksy 'n sekere *Elias Lönnrot* in die vorige eeu opgeteken is. Dit bestaan uit 23,000 verse waarvan groot gedeeltes gesing word. Hierdie volksang-gedeeltes word *Runes* genoem.

Sibelius het reeds op 26-jarige ouderdom 'n *Simfoniese-gedig* geskryf wat gebaseer is op sekere dele uit die *Kalevale*, maar het nooit direk daaruit melodiese materiaal gebruik nie. Eers toe hy die manuskrip van sy toondig, *Kullervo* voltooi het, het hy 'n reis onderneem na afgeleë boeregemeenskappe in Finland, wat aan hom toe dele van *Kalevale* gesing het. Hy was oorstelp om te ontdek dat sy musiek 'n merkwaardige ooreenkoms getoon het met die *runes* van eeue gelede. Dit is voorwaar 'n geval waar 'n musiek-genie as individu die taal praat van sy voorvaders. *Italië* het 'n soortgelyke epos gehad, saamgestel deur die digter *Torquato Tasso* waarin onder andere die aangrypende *eggo-liedere* van die *Gondelvaarders* van *Venezië* ingesluit was. *Goethe*, *Richard Wagner* en selfs *Frans Liszt* verwys in geskryfte na hierdie kultuurskat. Sedert die einde van die 19de eeu het *Tasso* se *eggo-liedere* geleidelik en later geheel en al in vergetelheid geraak vanweë verwaarlosing en versuim. Die populêre serenades het in die plek daarvan gekom.

Wat is die sin daarvan om folklore by formele musiek te betrek? Dit is na my mening 'n kwessie van identiteit. Elke volk het iets wat hom uniek maak. Selfs in hierdie al kleiner wordende wêreld is daar tog groter waardes en begrippe wat volkere aan mekaar bind. Begrippe soos westerse kultuur en die Christelike godsdiens. Ook hier speel volksmusiek 'n belangrike rol. Een van die aangrypendste werke van ons moderne tyd is die *Kersfeeskantate* van die *Switsers-gebore* ekspressionis *Arthur Honnegger*.

Ek speel aan u die gedeelte uit die werk voor waar verskillende volke en nasies in hul eie taal en eie liedere hulde bring aan die Christuskind, die Verlosser van die wêreld.

Bekende *Kersliedere* kom afwisselend, soos 'n kaleidoskoop van klank en kleur na vore — liedere soos *Adeste Fideles*, *Von Himmel hoch* en *Stille Nag* —esame met

ander Kersliedere van ander volke — 'n vreemde, maar opwindende aanwending in moderne literatuur.

OPNAME: HONEGGER: KERSFEESKANTATE

Maar elke land het ook sy eie identiteit wat hom onderskei van ander. Wie kon meer doen om *Noorweë* se natuurskoon en legendes aan die wêreld bekend te stel as *Eduard Grieg*? Hoe kan die naam *Manuel de Falla* ooit los staan van *Spanje*? en *Villa Lobos* van *Brasilië*?

Die name van Bèla Bartok en *Zoltan Kodaly* is onafskeidbaar verbind met *Hongarye* se volksmusiek. In opvolging van die baanbrekerswerk wat hulle gedoen het met versameling en dokumentasie van hierdie kultuurerfenis het die Akademie vir Wetenskap en Kuns van Hongarye die versamelingsaksie voortgesit en 50 000 volksliedere gedokumenteer. Dit was *Kodály* wat die opera *Hary Janos* geskryf het, gebaseer op sy land se folklore. *Kodály* het die volgende stelling gemaak en bewys: "*Elke mens is geregtig daarop om musiek-geletterd te wees. Begin met jou land se volksmusiek in jou eie moedertaal*".

Die kundige en liefdevolle benutting van volksmusiek gee aan daardie land selfrespek. Dit gee aan 'n volk 'n trots en 'n wete dat hy iets eiesoortigs besit wat niemand behalwe hyself van hom kan wegneem nie.

HERHALINGSGEDEELTE:

Op hierdie tydstip Meneer die Rektor wil ek graag oorgaan na die laaste gedeelte van my in-treerede, naamlik — A Volksmusiek in Suid-Afrika en B, Hoe word dit skepend benut?

VOLKSMUSIEK IN SUID-AFRIKA

Ons volksmusiek erfenis kom hoofsaaklik uit drie hoofbronne. Eerstens is daar ons nalatenskap uit ons stamlande waarvan verreweg die meeste liedjies vertaal of aangepas is in Afrikaans. 'n Klein persentasie hiervan is egter heeltemal van Afrikaanse oorsprong. Dan is daar die pittige volksmusiek van die Kaapse Maleier- en Kleurlinggemeenskap, en laastens die inheemse liedere van ons swart bevolking. Ons beskik dus, anders as ander lande oor 'n verskeidenheid van folklore wat menige land ons sal beny. Hoewel daar deur verskeie instansies en individue lofwaardige pogings tot versameling en dokumentasie was, ontbreek daar nog tot op hede 'n sentrale koördinerende liggaam wat die Suid-Afrikaanse volksmusiek globaal kan orden en toeganklik vir navorsers en komponiste kan maak. Die egte inheemse Afrikaanse volksliedjie wat hier in eie bodem ontstaan het is baie skaars maar daarom soveel te meer kosbaar. In my eie familie is daar twee liedjies wat nou al deur die vyfde geslag gesing word naamlik "*Daar kom die Rooidag uit*" en "*Man in die maan*".

Ek beskik ook oor 'n opname waar die 78-jarige *tant Ella Swartjan van Niekerk* van *Brandvlei* in *Kaapland*, 'n baie ou tradisionele lied, "*Die Grootrivier se voël*" vir my op die viool speel, begelei op die kitaar deur haar seun, *Jan Horison van Niekerk*. Volgens *tant Ella Swartjan* — kom die lied oorspronklik van "*haar oorlede ou-ou-Oupagrootjie*" — met ander woorde, die lied leef nog steeds voort, nou reeds in die 6de geslag — as mens *Jan Horison* se kinders byreken. En hulle was by toe dié opname gemaak is.

U kan nou luister na drie stadiums van ontwikkeling van die liedjie:

- 1. *Tant Ella Swartjan* op die viool;
- 2. *Mnr Prozeskie se nabootsing van die Grootrivier se voël* — die volksnaam vir dié voël

is "*Papieta Terblanch*" en

— 3. die konsertweergawe deur die *Pretoriase Universiteitskoor* van dieselfde lied.

OPNAME: CHRIS LAMPRECHT, "GROOTRIVIER SE VOËL"

Die inheemse musiek van die swart man kon vanweë sy besondere eiesoortige karakter rustig en onvervals voortleef. Die kleurvolle volksmusiek van al die verskillende swart volkere in Suid-Afrika is die droom vir elke musieknavorser. Na die uitvoering van "*Half Moon*" deur *Alexander Rahbari* verlede jaar, waar westerse en Afrika-musiek in een werk vir koor- en -orkes saamgesnoer was, het een van die oorsese resensente soos volg geskryf: "*Suid-Afrika sit op 'n goudmyn van inheemse musiek. Julle moet julle sokkies optrek want as julle dit nie ontgin nie sal die res van die wêreld dit maar te graag wil eksploiteer*".

Hoe word ons volksmusiek skeppend benut? Die natuurlike musiektalent onder Suid-Afrikaners vergelyk baie gunstig met die res van die wêreld. Ons het oor-en-oor bewys dat individuele kunstenaars, kore en jeugorkeste met die beste ter wêreld kan meeding.

Die werke van ons skeppende kunstenaars wat oorsee uitgevoer word, word altyd met die grootste entoesiasme ontvang. Maar miskien is dít juis ons grootste struikelblok, Meneer die Rektor. Ons het altyd ons een oog op die buiteland vir goedkeuring en akklamasie in plaas daarvan dat ons ons hand aan die ploeg slaan en doen wat ons hand vind om te doen. Erkenning sal kom soos Kringe in die Bos van Daleen Matthee bewys het. Die afgelope twee tot drie dekades is daar meer musiek in Suid-Afrika gekomponeer as ooit te vore. Wat die benutting van ons volksmusiek betref noem ek 'n paar hoogtepunte:

1. Die oplewing in ons koorsang met prof Philip MacLachlan as besielende inspirasie het gelei tot talryke a capella koorverwerkings met ons eie volksliedjies as grondslag.
2. Die jongste uitgawe van die F A K-volksangbundel 1979 weerspieël die skeppende werk van Suid-Afrikaanse volksmusici en vergelyk baie goed met soortgelyke volksangbundels uit ander lande.
3. Prof Stefans Grové het onlangs 'n Volksopera "*Die Bose Wind*" voltooi waarin hy onder andere gebruik gemaak het van volksliedjies uit die tydperk van Goewerneur van Plettenburg se dienstermyn aan die Kaap. Die werk wag nog op uitvoering.
4. Die jeug van Suid-Afrika bewys hulle onteenseglike talent en deeglike musiekopleiding in die uitvoering van "*Half Moon*", waarna ek vroeër verwys het.
5. Die Universiteit van Suid-Afrika publiseer en skryf eksamenstukke voor waarin onder andere Suid-Afrikaanse volksmusiek keurig verwerk word.

Ons kinders kan nou in plaas van volksliedjies soos "*Nobody know's the trouble I've seen*" darem variasies op Sarie Marais speel. Hierdie sjarmante klavierwerke deur *Henk Temningh* noem hy ewe vindingryk, "*Sariasies*".

6. Die Departement van Nasionale Opvoeding skryf 'n kompetisie uit vir 'n Opera — en as ek so tussen die lyne lees wat die voorwaardes betref, wil dit voorkom of 'n Suid-Afrikaanse tema voorkeur sal geniet. Kom ons hou duimvas vir 'n volksopera — iets soos die "*Verkoopte Bruid*" van *Smetena*?
7. Ten slotte — tydens die pas afgelope Grahamstadfees in Julie, het die Nasionale Simfonieorkes van die S A U K 'n splinternuwe werk van *Hans Roosenschoon* uitgevoer waarin die komponis ruimskoots gebruik maak van inheemse inboorlingmusiek. Die

komposisie, *Timbila* is gebaseer op 'n Chopi-xilofoonorkes se musiek. Die Chopi-orkes-
lede is almal van die Wildebeesfontein Noordmyn naby Rustenburg.

Met my diensaanvaarding as Departementshoof verlede jaar, het ek tydens ons eerste personeelvergadering die wens uitgespreek dat ons Musiekdepartement 'n meer Suid-Afrikaanse karakter sal hê. Met die pragtige samewerking van my personeel, Meneer die Rektor, is ek baie dankbaar om te kan bevestig dat die Fakulteitsraad die volgende aanpassings in ons toekomstige leerplanne goedgekeur het:

1. Die studie van Suid-Afrikaanse kunsmusiek as deel van musiekwetenskap.
2. Die verwerking van Suid-Afrikaanse volksmusiek as deel van musiekopvoeding — met ander woorde met die oog op musiekonderrig in skole.
3. Die instelling van twee addisionele nagraadse kursusse in Musiekopvoeding en Klavierdidaktiek onderskeidelik. Ook hier sal hopelik ruimskoots gebruik gemaak word van onder andere bydraes deur ons skeppende kunstenaars. Die Suid-Afrikaanse komponis is 'n bedreigende spesie en behoort minstens net soveel aandag te kry as die Kalahari leeu.

Dan beoog ons om die huidige Africana-afdeling van die Merensky-biblioteek uit te brei met manuskripte van ons eie komponiste en ook om by wyse van opdragte hierdie noodsaaklike werk te stimuleer. Ons beywer ons ook daarvoor dat skeppende werk op musiekgebied navorsingstatus sal geniet by die Universiteit van Pretoria. Die Departement Musiek sal graag sy deel bring om aan alle fasette van die akademiese, musiekwetenskaplike en navorsingsgerigte opleiding die nodige aandag te gee wat dit verdien.

CODETTA

Dit bring my by die Codetta van hierdie Sonata. Musiek praat 'n internasionale taal. Die gevaar bestaan dat jy 'n wêreldbürger kan word sonder identiteit. Moedertaal-onderdig gee 'n mens daardie identiteit. Volksmusiek is die moedertaal van musiek. 'n Mens wil per slot van rekening weet waar kom jy vandaan en waarheen is jy op pad.

OPNAME: CHRIS LAMPRECHT

AANDGESANG, PRETORIASE UNIVERSITEITSKOOR

Bronnelys

Apel, Willi	<i>The harvard dictionary of music</i>	Harvard University Press 1966
Bouws, Jan	<i>Suid-Afrikaanse komponiste van vandag en gister</i>	A A Balkema Kaapstad 1957
Chappell, William	<i>Popular music of the olden times</i> vol I	Dover Publications, Inc. New York 1965
Choksy, Lois	<i>The Kodály context</i>	Prentice Hall Inc. New Yersay 1981
Cillie, G G	<i>Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan</i>	N G Kerk uitgewers, Kaapstad 1982
Malan, Jacques P	<i>S A Musiekensiklopedi</i> deel I-III	Oxford University P Kaapstad 1980-84
Palmer, Christopher	<i>The Britten companion</i>	Faber and Faber London 1984

Thompson, Oscar	<i>The international cyclopedia of music and musicians</i>	Dodd Mead and compa- nion New York 1964
-----------------	--	---

Diskografie

Bach, J S	<i>Der Kunst der Funga</i>	Helmut Walche A P M 10477-78
Brahms, J	<i>Volkslied, Da Unten im Tale</i>	Elly Ameling Ein Liederabend E M I Electrola I C 063- 375
Brahms, J	<i>Academic Festival Overture</i>	Your favourite Over- tures M F P 1026
Britten, Benjamin	<i>The little Sweep</i>	The Coach Song E M O C 263-06772
Haydn, J	<i>Symphony No. 103 and 104</i>	D G 1 413426-4 — omslagnotas deur Robbins Landon
Honegger, A Lamprecht, Chris	<i>Une Cantate de Noel Dit kom van ver af</i>	E M I 2 C 069-11663 Bandopnames SAUK Musiekargief Johannesburg
Lamprecht, Chris	<i>Aandgesang</i>	Bandopname uit pri- vate versameling
Volkslied, Suid Slawie	<i>Kad Zapiva pusta Slavojja</i>	Jugoton L P Y-V-660

INAUGURAL LECTURE

SUMMARY

Folk Music is according to Zoltan Kodály, the mother tongue of music. It was traditionally handed down orally, from one generation to another. The author in most cases remained anonymous. Folk music is an important field for research on music ethnology and is excellent thematic material for use in compositions.

Many composers like Haydn, Schubert, Grieg, Brahms, Bartok, Sibelius and others used folkloristic material as an important source in establishing a certain identity in their music.

South African folk music is derived mainly from three sources, namely European, African and the Malay and coloured communities. There is also a limited number of indigenous folk songs in Afrikaans.

Prominent South African composers like Stefans Grové and Hans Rosenschoon have already implemented folk music in some of their compositions. Most recent examples are, *Die Bose Wind*, an opera by Grové and *Timbila*, a symphonic work by Rosenschoon.

The Music Department is presently preparing a syllabus according to South African needs and priorities.

P.S Pre-recorded examples of compositions in which various composers implemented folk music in their works added lustre to the lecture which was presented in Sonata-Allegro form.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

- 1 Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr P C Coetzee
- 2 "Die Aard van Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
- 3 "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
- 4 "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
- 5 "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
- 6 "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
- 7 "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging" — Julie 1985
- 8 Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reyners
- 9 "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
- 10 "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van insekte" — Prof J J Mathee
- 11 "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
- 12 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part 1 — Dr C J Liebenberg
- 13 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex, Part 11. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
- 14 "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
- 15 "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
- 16 "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
- 17 "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
- 18 "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
- 19 "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
- 20 "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
- 21 "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
- 22 "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
- 23 "Freedom — What for" — Prof D G Steyn
- 24 "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
- 25 "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
- 26 "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n a v Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
- 27 "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
- 28 "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
- 29 "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
- 30 "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof F van der Stoep
- 31 "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
- 32 "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
- 33 "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof J J N Cloete

- 34 "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
- 35 "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
- 36 "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
- 37 "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
- 38 "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
- 39 "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg
- 40 Samevattings van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964
- 41 "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
- 42 "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof P S Groenewald
- 43 Samevattings van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965
- 44 "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
- 45 "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
- 46 " 'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
- 47 Samevattings van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966
- 48 "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
- 49 "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof D F Mostert
- 50 Samevattings van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967
- 51 "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment of disease" — Prof Douw G Steyn
- 52 "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
- 53 "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff
- 54 "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
- 55 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968
- 56 "Sport in Perspektief" — Prof J L Botha
- 57 "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
- 58 "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
- 59 "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
- 60 "Kristalhelder Water" — Prof F A van Duuren
- 61 "Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr Gertrud Theiler
- 62 "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
- 63 "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
- 64 "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 65 Samevattings van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
- 66 "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
- 67 "Anatomie" — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
- 68 "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
- 69 "Die Eenheid van die Wetenskappe — Prof P S Dreyer
- 70 Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
- 71 "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof W L Jenkins

- 72 "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow
- 73 "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
- 74 "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
- 75 Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
- 76 "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
- 77 "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
- 78 "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
- 79 "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
- 80 Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan-9 Feb 1973
- 81 "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze
- 82 "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
- 83 "Bakensyfers vir Diereproduksies" — Prof D R Osterhoff
- 84 "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof J Studer
- 85 "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
- 86 Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4-7 Feb 1974
- 87 "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 88 "Opleiding in bedryfsekonomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
- 89 "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
- 90 "The Clinical Psychologist: Training in South Africa". A report on a three-day invitation conference: 11-13 April 1973.
- 91 "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
- 92 "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Watt
- 93 "Die funksionele anatomie van die herkouermaat-vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
- 94 Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975
- 95 "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oornam" — Prof G van N Viljoen
- 96 "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
- 97 "Die Soogdiernavorsinginstituut 1966-1975"
- 98 "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
- 99 "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
- 100 "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr Anton Rupert
- 101 "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J D Duvenhage
- 102 "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hamersma
- 103 Dosentesimposia 1975
- 104 "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
- 105 "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel

- 106 "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
- 107 "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
- 108 Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
- 109 Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
- 110 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
- 111 "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebeplanning" — Prof S T Zietsman
- 112 "Rede gelewer by die Ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
- 113 "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met Spesiale Verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
- 114 "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F Q P Leiding
- 115 "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
- 116 "Carnot, Adieu" — Prof J P Botha
- 117 "'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
- 118 "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
- 119 "Opleiding in Elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
- 120 "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk
- 121 "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
- 122 Dosentekursus: 1977
- 123 "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
- 124 "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen
- 125 "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg
- 126 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976
- 127 "Landbouvoorligting by die kruispad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" — Prof G H Düvel
- 128 "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenargebied" — Prof R J van den Heever
- 129 "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Miemy
- 130 "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit
- 131 Dosentekursus 1978
- 132 "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert
- 133 Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol
- 134 "Geologie in 'n toekoms van Beperkte Hulpbronne" — Prof G von Gruenewaldt

- 135 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1977
- 136 "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Prof P A van Niekerk en M C H Sonnekus
- 137 "Sensore en Tenore" — Prof N Maree
- 138 "Die Godsdienwetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
- 139 "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928-1978)" — Prof J F W Grosskopf
- 140 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
- 141 "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof E J Potgieter
- 142 "Klein sake is 'Grootsake' " — Dr Anton Rupert
- 143 "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw
- 144 Referate gelewer tydens die jubileumjaarfiering — Prof P S Dreyer
- 145 "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulvraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
- 146 "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Daynes en P J Kloppers
- 147 "Die Ortopedagogiek as Praktykgerigte Pedagogiekperspektief" — Prof P A van Niekerk
- 148 "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" — Dr A J A Roux
- 149 "Exchange lists for selected Protein Diets" — Mev J M Crous
- 150 "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930-1980)" — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffue
- 151 "Professors' Dilemma Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof P J H Titlestad
- 152 "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" — Prof R P Gräbe
- 153 "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland
- 154 "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
- 155 "Die opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" — Prof U Grimsehl
- 156 "Doelwitte vir Musiekopleiding" — Prof S Paxinos
- 157 "Die stand van die Beeldende Kuns in Suid-Afrika" — Prof N O Roos
- 158 "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — Prof S F Prinsloo
- 159 "Beroepsoriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufesviering 12 tot 14 Augustus 1980 — Onder Redaksie van Prof C J Joubert
- 160 "Die selfbeeld van die Sosiologie en Sosioloë — Prof J S Oosthuizen
- 161 "Onderwysopleiding — 'n Didaktiese Pedagogiese en Vakdidaktiese beskouing" — Prof W J Louw
- 162 "Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens" — Prof A C Barnard
- 163 "Die Stand en taak van Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA" — Prof J G Garbers

- 164 "Die betekenis van die Regsfilosofie vir Regsnavorsing en Regspleging" — Prof J V van der Westhuizen
- 165 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1978-1979 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15 November 1979
- 166 "Die verskynsel van Spesialisering by insekte en entomoloë" — Prof E Holm
- 167 "Fiftieth Anniversary Lectures": University of Pretoria — August — September 1980 — George D Yonge
- 168 "Kindergeneeskunde in die jaar 2000" — Prof R E Cronje
- 169 "Praktiese Regsopleiding in die Akademie" — Prof C F Eckard
- 170 "Proceedings of the Symposium on Controversies in Surgery" — Edited by Prof C J Mieny
- 171 "The Psychic Life of the Child with Specific Learning disabilities" — Prof M C H Sonnekus
- 172 "B F Nel Herdenkingsrede — Universiteit van Pretoria" 12 Augustus 1981 — Prof E A van Trotzenburg
- 173 "Statistiek en die statistikus in diens van die gemeenskap" — Prof H S Schoeman
- 174 "Menslike Anatomie — basiese geneeskundige vak" — Prof I J M van Niekerk
- 175 "Môre se uitdaging vir die Suid-Afrikaanse Mynboubedryf" — Prof A N Brown
- 176 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1979/80 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15/11/1980
- 177 "Leiding aan Magister en Doktorale studente" — Prof W A Landman
- 178 "Steekproefneming in die Praktyk" — Prof D G Stoker
- 179 "Bestuur — Wetenskap of Kultuur?" — Dr A Rupert
- 180 "Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese stel" — Die departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria
- 181 "Liggaamsbeweging en die Mens in Wording" — "Physical movement and the Becoming of Man" — Onder redaksie van/edited by Prof J L Botha en/and Prof P J Smit
- 182 "Kriminologie 2000" — Prof D G Steyn
- 183 "A Horse! A Horse! My Kingdom for a Horse!" — Prof M M S Smuts
- 184 "Die bydrae van Mondpatologie tot die Geneeskunde" — Prof A J Ligthelm
- 185 "Lectures on Philosophical Hermeneutics" — Prof Dr Hans-Georg Gadamer
- 186 "Inhuldigingsrede van Vise-Kanselier en Rektor" — Prof D M Joubert
- 187 "Uitdagings vir 'n Ginekologie en Obstetrie Departement in die ruimte-eeu" — Prof J V van der Merwe
- 188 "Die uitdaging van Elektriese Ingenieurswese in Suid-Afrika" — Prof N Wessels
- 189 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1980/81 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1981"
- 190 "Die belangrikheid van Periodonsie en Mondgeneeskunde in Tandheekkunde" — Prof J A Pretorius
- 191 "Strategieë vir die implementering van navorsingsbevindings in die Geesteswetenskappe" — Dr J G Garbers
- 192 "Gesprekke oor die Wiskunde" — Onder redaksie van Prof P J Zietsman
- 193 "Gemeenskapsgesondheid: 'n Nuwe Naam en 'n Nuwe Benadering" — Prof A M

Coetzee

- 194 "Vrees dat die Wonderboom sal . . .(val)?" (J C Steyn) — Prof Réna Pretorius
- 195 "Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en -praktyk" — Prof C J Joubert
- 196 "Magskonsentrasie: Voor- en Nadele" — Dr A E Rupert
- 197 "Waarom Chemie?" — Prof A Wiechers
- 198 "Biblioteek- en Inligtingkunde: Quo Vadis" — Prof J A Boon
- 199 "B.F. Nel-Gedenklesing" — Prof F Van der Stoep
- 200 "Die opleiding van navorsers in die Geesteswetenskappe" — Dr J G Garbers
- 201 "'n Konteks vir die Argitektuur" — Onder redaksie van Prof D Holm
- 202 "Wiskunde in diens van die gemeenskap" — Prof J Swart
- 203 "Die moderne staatkunde in die Republiek van Suid-Afrika" — Prof F L Ackron
- 204 "Wetmatigheid en Meganiese Ingenieurswese" — Prof P C Haarhoff
- 205 "Gesoeke: Die nuwe Entrepreneur" — Dr R E Rupert
- 206 "Kernreaksies van 'n ander aard" — Prof L Visser
- 207 "Lifestyle and disease" — Symposium of the Hans Snyckers Institute
- 208 "Verpleegkunde in perspektief: Graadopleiding aan die Universiteit van Pretoria" — Prof J G P van Niekerk
- 209 "Onderwysvernuwing: 'n Onvermybare Opgaaft" — Prof M J Bondesio
- 210 "Die Siviele Ingenieursdosent in diens van . . ." — Prof A W Rohde
- 211 "Kontemporêre uitdagings aan Universiteite in die akademiese voorbereiding van openbare Administrateurs" — Prof P S Botes
- 212 "Historia Augusta. Knolskrywer(s) . . . of knollesers . . . of knolle vir lesers" — Prof J Scholtemeijer
- 213 "Kennis — Graaf en Swaard" — Prof P A Fourie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 214-1985
ISBN 0 86979 401 9
Prys: R3,75

Hierdie publikasie en die publikasies wat hierin vermeld word, is verkrygbaar van:

VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083

